# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

**OF SOUTH WEST AFRICA.**

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

*UITGAWE OP GESAG.* **VAN SUIDWES-AFRIKA.** *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Wednesday, 27th April, 1955. WINDHOEK Woensdag, 27 April 1955. No. 1898.


The following Draft Ordinances, which will be introduced during the next Session of the Legislative Assembly are published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

---


| | *Page* |
|---|---|
| Education Amendment Ordinance, 1935 . . . | 341 |
| Wives and Children Protection and Maintenance Ordinance, 1955 . . . . . . | 343 |


Die volgende Ontwerpordonnansies, wat gedurende die volgende Sessie van die Wetgewende Vergadering voorgelê sal word, word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

---


| | *Bladsy* |
|---|---|
| Wysigingsordonnansie op die Onderwys 1935 . . | 341 |
| Wysigingsordonnansie op Vroue- en Kinderbeskerming en -onderhoud 1955 . . . . | 343 |

# DRAFT ORDINANCE

To amend the law relating to public education.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *one* of the Education Proclamation, 1926 (Proclamation 16 of 1926), as amended, (hereinafter referred to as the principal Proclamation) is hereby amended by the insertion after the definition of "school" of the following new definition:—

"school year' shall mean the period commencing on the first day of the first school term and ending on the last day of the last school term as prescribed in section *eighty-five*."

2. Section *forty-nine* of the principal Proclamation is hereby amended:—

(a) by the addition at the end of sub-section (7) of the following paragraph, the existing sub-section becoming paragraph (a):—

"(b) No enquiry other than an enquiry or further enquiry referred to in paragraph (a) held in pursuance of any action taken by a school committee in terms of the provisions of sub-sections (5) and (6), shall be held under this sub-section by the Director into any alleged misconduct on the part of a European teacher unless the Director has received a written complaint against such teacher by an officer of the Department or a principal teacher of a school or the superintendent of a hostel established in terms of section *ninety-five*, or a written complaint on oath by any person alleging that such teacher is guilty of such misconduct."

(b) by the substitution for sub-section (11) of the following sub-section:—

"(11) (a) Any enquiry which the Director is authorised in this section to hold may be held by the Director himself or by a commission of enquiry appointed by the Director and consisting of any person or body who in the opinion of the Director is competent to hold such an enquiry.

(b) Notwithstanding the provisions of paragraph (a) a commission of enquiry appointed by the Director to hold such an enquiry into any alleged misconduct on the part of a European teacher shall consist of three members, one of whom shall be a member of a recognised teachers association and one of whom shall be a magistrate who shall be the chairman of such commission of enquiry and the third member shall be such suitable person as the Director may decide.

(c) Notwithstanding the provisions of paragraphs (a) and (b) a commission of enquiry appointed by the Director to hold such an enquiry into such misconduct as is referred to in paragraph (c) of sub-section (1) on the part of a European teacher, shall consist of three members one of whom shall be a member of a recognised teachers association, and one of whom shall be an experienced educationalist who shall be the chairman of such commission of enquiry and the third member shall be such suitable person as the Director may decide."

# ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op die openbare onderwys.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *een* van die Onderwysproklamasie 1926 (Proklamasie 16 van 1926) soos gewysig (hierna heet dit die hoofproklamasie) word hierby gewysig deur die invoeging van die onderstaande nuwe woordbepaling na die woordbepaling van „skool":—

„skooljaar" die tydperk wat begin op die eerste dag van die eerste skoolkwartaal en wat sluit op die laaste dag van die laaste skoolkwartaal soos bepaal by artikel *vyf-en-tagtig;*"

2. Artikel *negen-en-veertig* van die hoofproklamasie word hierby gewysig:—

(a) deur die byvoeging van die onderstaande paragraaf aan die einde van sub-artikel (7): die huidige sub-artikel word nou paragraaf (a):—

„(b) Die Direkteur mag geen ondersoek (buiten die soort ondersoek of verdere ondersoek wat paragraaf (a) noem), na aanleiding van optrede van 'n skoolkomitee ingevolge die bepalings van sub-artikels (5) en (6) uit hoofde van hierdie sub-artikel instel na die beweerde wangedrag van 'n blanke onderwyser nie, tensy die Direkteur 'n skriftelike klag teen so 'n onderwyser ontvang het van 'n beampte van die Departement of van 'n hoofonderwyser van 'n skool of van die superintendent van 'n koshuis wat ingevolge artikel *vyf-en-negentig* opgerig is, of 'n skriftelike en beëdigde klag van enigiemand wat beweer dat so 'n onderwyser aan sodanige wangedrag skuldig is."

(b) deur sub-artikel (11) te vervang deur die onderstaande sub-artikel:—

„(11) (a) Die Direkteur kan enige ondersoek wat hierdie artikel hom veroorloof, self instel of laat instel deur 'n kommissie van ondersoek wat hy benoem en wat bestaan uit enigiemand of enige liggaam wat syns insiens bevoeg is om so 'n ondersoek in te stel.

(b) Nieteenstaande die bepalings van paragraaf (a) moet 'n kommissie van ondersoek wat die Direkteur benoem het om so 'n ondersoek in te stel na die beweerde wangedrag van 'n blanke onderwyser, bestaan uit drie lede, een van wie 'n lid van 'n erkende onderwysersvereniging moet wees en een van wie 'n magistraat moet wees, wat as voorsitter van die kommissie van ondersoek moet dien, en die derde lid moet iemand wees wat die Direkteur as geskik beskou.

(c) Nieteenstaande die bepalings van paragrawe (a) en (b) moet 'n kommissie van ondersoek wat die Direkteur benoem om 'n ondersoek in te stel na die soort wangedrag van 'n blanke onderwyser wat paragraaf (c) van sub-artikel (1) noem, bestaan uit drie lede, een van wie 'n lid van 'n erkende onderwysersvereniging moet wees, en een van wie 'n ervare opvoedkundige moet wees, wat as voorsitter van die kommissie van ondersoek moet dien, en die derde lid moet iemand wees wat die Direkteur as geskik beskou."

(c) by the substitution in sub-section (12) for the words "to whom authority for the purpose has been delegated by the Director, the Director or such person or body may" of the words "referred to in paragraph (a) of sub-section (11) or by a commission of enquiry referred to in paragraphs (b) and (c) of that sub-section, the Director or such person or body or in the case of such commission of enquiry, the chairman thereof, may —."

3. Section *eighty-seven* of the principal Proclamation is hereby amended by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:—

"(1) It shall be the duty of the parent or guardian of every European child, who, on or after the first day of January in any year reaches the age of seven years to cause such child to attend regularly at a school and such school attendance shall commence on the first day of the school year immediately following upon such first day of January and shall be continued up to and including the last school day of the year in which such child reaches the age of sixteen years and the parent or guardian shall cause such child to attend school regularly during such period unless such child —

(a) is receiving regular and efficient instruction in any other manner; or

(b) is prevented from attending school through ill-health or any other unavoidable cause; or

(c) has passed the sixth standard or an equivalent test in the year 1955 and after that year has passed the eighth standard or an equivalent test; or

(d) is excused from attending school by the Director.

4. Section *eighty-eight* of the principal Proclamation is hereby amended by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:—

"(1) It shall be the duty of every Magistrate to enquire into the case of every European child who resides within the district of such Magistrate and who, being subject to compulsory school attendance, does not attend school as required by section *eighty-seven*."

5. The following new section is hereby substituted for section eighty-nine of the principal Proclamation:—

"Age of admission to school.

89. Notwithstanding anything contained in this Proclamation the Director may authorise any child who will reach or has reached the age of six years on or before the thirty-first day of January in any year, as the case may be, to attend a school as from the first day of the school year immediately following upon the first day of January in that year, if he is satisfied that no child who is subject to compulsory school attendance under this Proclamation will thereby be prevented from so attending."

6. This Ordinance shall be called the Education Amendment Ordinance, 1955, and shall be deemed to have come in operation on the first day of January, 1955.

(c) deur die woorde „aan wie magtiging vir dié doel deur die Direkteur oorgedra is, mag die Direkteur of sulke persoon of liggaam" in sub-artikel (12) te vervang deur die woorde „wat paragraaf (a) van sub-artikel (11) noem of deur 'n Kommissie van ondersoek wat paragrawe (b) en (c) van daardie sub-artikel noem, kan die Direkteur of so iemand of liggaam, of, by 'n kommissie van ondersoek, die voorsitter daarvan".

3. Artikel *sewen-en-tagtig* van die hoofproklamasie word hierby gewysig deur sub-artikel (1) te vervang deur die onderstaande sub-artikel:—

„(1) Dit is die plig van elke ouer of voog van elke blanke kind wat op of na die eerste dag van Januarie van enige jaar sewe jaar oud word, om toe te sien dat so 'n kind gereeld 'n skool bywoon en sodanige skoolbywoning moet begin op die eerste dag van die skooljaar wat onmiddellik volg op sodanige eerste dag van Januarie, en moet voortduur tot op en met die laaste skooldag van die jaar waarin so 'n kind sestien jaar oud word, en die ouer of voog moet toesien dat so 'n kind gereeld oor daardie tydperk 'n skool bywoon, tensy so 'n kind —

(a) op 'n ander wyse gereelde en bekwame onderrig ontvang; of

(b) weens swak gesondheid of ander onvermydelike oorsaak verhinder word om die skool by te woon; of

(c) die sesde standerd of 'n gelykstaande eksamen in die jaar 1955 geslaag het, en na daardie jaar die agste standerd of 'n gelykstaande eksamen geslaag het; of

(d) deur die Direkteur van skoolbywoning vrygestel is.

4. Artikel *agt-en-tagtig* van die hoofproklamasie word hierby gewysig deur sub-artikel (1) te vervang deur die onderstaande sub-artikel:—

„(1) Dit is elke magistraat se plig om ondersoek in te stel na elke geval waar 'n blanke kind wat ingevolge artikel *sewen-en-tagtig* skoolpligtig is en wat binne sy distrik woon, geen skool bywoon nie."

5. Artikel *negen-en-tagtig* van die hoofproklamasie word hierby vervang deur die onderstaande nuwe artikel:—

„Toelatingsouderdom.

89. Nieteenstaande die bepalings van hierdie Proklamasie kan die Direkteur 'n kind wat voor of op die een-en-dertigste dag van Januarie in enige jaar ses jaar oud is of word, na gelang, toelaat om 'n skool by te woon met ingang van die eerste dag van die skooljaar wat onmiddellik volg op die eerste dag van Januarie in daardie jaar en dit wel as hy oortuig is dat geen kind wat ingevolge hierdie Proklamasie skoolpligtig is, daardeur van skoolbywoning uitgesluit word nie."

6. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Onderwys 1955 en het regskrag met ingang van die eerste dag van Januarie 1955.

# DRAFT ORDINANCE

To amend the Wives and Children Protection and Maintenance Ordinance 1927.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the Governor-General, in so far as such consent is necessary previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section *twenty-six* of the South West Africa Constitution Act, 1925, as amended by section *sixteen* of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1949, of the Parliament of the Union of South Africa as follows:—

1. Section ten of the Wives and Children Protection and Maintenance Ordinance, 1927 (Ordinance 16 of 1927) (hereinafter called the principal Ordinance). is hereby amended by:—

(a) the insertion in sub-section (1) of the words "social worker", before the word "policeman";

(b) the addition at the end of sub-section (4) of the words: "Every hostel established and maintained by the Administration in terms of section *ninety-five* of the Education Proclamation 1926 (Proclamation 16 of 1926) as amended, shall be a place of safety for the purposes of this Ordinance".

(c) the substitution in the Afrikaans text of sub-section (4) of the word "veiligheidsplekke" for the word "toevlugsoorde".

2. Section *eleven* of the principal Ordinance is hereby amended by:—

(a) the insertion in sub-section (1) of the words "a place of safety established and maintained under section *ten* or" after the words "committed to";

(b) the substitution of the following sub-section for sub-section (5):

"(5) The Administrator may:—

(a) transfer a child from a place of safety or from the care of any person to whom the child has been committed in pursuance of this section and place him in any other place of safety or in the care of any other person;

(b) discharge a child from a place of safety or from the care of a person, either absolutely or on such conditions as he may deem fit;

(c) make rules in relation to children committed to a place of safety or to the care of any person and to the duties of the person in charge of any place of safety or any person to whose care a child has been committed, with respect to such children."

3. The following section is inserted after section *eleven* of the principal Ordinance:—

"11 *bis.* If during the trial in any court of a child who is charged with an offence other than murder or rape, it appears to the Judge or judicial officer presiding at that trial that it is desireable in the interests of the said child that the trial be stayed, he may stay the trial and make an order as to the disposal of the child as is provided for in section *eleven*.

# ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die „Vroue- en Kinderbeskerming en Onderhoud Ordonnansie 1927".

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Goewerneur-generaal dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel *ses-en-twintig* van die „Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" soos gewysig by artikel *sestien* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika 1949 van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, VERORDEN:—

1. Artikel *tien* van die „Vroue- en Kinderbeskerming en Onderhoud Ordonnansie 1927" (Ordonnansie 16 van 1927) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig deur —

(a) die invoeging in sub-artikel (1) van die woorde „maatskaplike werker," voor die woord „polisieman";

(b) die byvoeging aan die slot van sub-artikel (4) van die woorde: „By die toepassing van hierdie Ordonnansie is elke koshuis wat die Administrasie ingevolge artikel *vyf-en-negentig* van die Onderwysproklamasie 1926 (Proklamasie 16 van 1926) soos gewysig, opgerig het en onderhou, 'n veiligheidsplek."

(c) die vervanging van die woord „toevlugsoorde" in die Afrikaanse teks van sub-artikel (4) deur die woord „veiligheidsplekke".

2. Artikel *elf* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur —

(a) die invoeging in sub-artikel (1) van die woorde „'n veiligheidsplek opgerig en onderhou ingevolge artikel *tien* of" na die woorde „sorg van" in reël twintig daarvan;

(b) die vervanging van sub-artikel (5) deur die onderstaande sub-artikel:—

„(5) Die Administrateur kan —

(a) 'n kind uit 'n veiligheidsplek of uit die sorg van enigiemand aan wie die kind ingevolge hierdie artikel toevertrou is, oorplaas na enige ander veiligheidsplek of aan die sorg van enigiemand anders toevertrou;

(b) òf onvoorwaardelik òf op voorwaardes wat hy na goeddunke stel, 'n kind uit 'n veiligheidsplek of uit die sorg van enigiemand ontslaan;

(c) reëls opstel met betrekking tot kinders wat in 'n veiligheidsplek of onder die sorg van enigiemand geplaas is, of tot die pligte van diegene wat die beheer oor 'n veiligheidsplek uitoefen, of van diegene aan wie 'n kind toevertrou is, ten opsigte van sodanige kinders."

3. Die onderstaande artikel word ingevoeg na artikel *elf* van die hoofordonnansie:—

„11 *bis.* As die regter of voorsittende regterlike beampte in enige hof by die verhoor van 'n kind wat teregstaan op aanklag van enige misdaad buiten moord of verkragting, meen dat dit in die belang van die betrokke kind wenslik is om die verhoor te staak, kan hy dit doen, en kan hy ingevolge artikel *elf* beveel

(b) authorise the payment to persons who undertake the care and maintenance of a child or children, of such monies and upon such conditions as he may deem fit.

(5) The Administrator may admit to any government hostel established under section *ninety-five* of the Education Proclamation, 1926 (Proclamation 16 of 1926), any child described in sub-section (1) of section *thirty*, if he considers that such admission may be in the interests of such child."

8. Notwithstanding anything in any other law contained, any Court in which a child has been convicted of any offence may, instead of imposing any punishment on him for such offence (but subject to the provisions of sub-section (1) of section *three hundred and three* of the Criminal Procedure and Evidence Proclamation, 1935 (Proclamation 30 of 1935) —

(a) order that he be placed under the supervision of a social worker or of any other suitable person designated in the order; or

(b) order that he be placed in the custody of any suitable person designated in the order; or

(c) deal with him both in terms of paragraphs (a) and (b).

9. The word "veiligheidsplek" is hereby substituted for the words "veilige plek" wherever they occur in the Afrikaans text of the principal Ordinance.

10. This Ordinance shall be called the Wives and Children Protection and Maintenance Amendment Ordinance, 1955.

(b) die uitbetaling van sodanige gelde soos hy goed vind op voorwaardes wat hy stel, magtig aan persone wat die versorging en onderhoud van 'n kind of kinders onderneem.

(5) Die Administrateur kan 'n kind wat in sub-artikel (1) van artikel *dertig* beskryf word, toelaat tot 'n regeringskoshuis wat ingevolge artikel *vyf-en-negentig* van die Onderwysproklamasie 1926 (Proklamasie 16 van 1926) opgerig is, as hy meen dat so 'n toelating in die belang van so 'n kind is."

8. Nieteenstaande andersluidende wetsbepalings kan enige hof wat 'n kind aan 'n oortreding skuldig bevind het, in die plek van 'n straf vir so 'n oortreding (maar behoudens die bepalings van sub-artikel (1) van artikel *drie-honderd-en-drie* van die „Kriminele Prosedure en Bewyslewering Proklamasie 1935" (Proklamasie 30 van 1935) —

(a) beveel dat hy geplaas moet word onder die sorg van 'n maatskaplike werker of enige ander geskikte persoon wat die bevel aanwys; of

(b) beveel dat hy geplaas moet word onder die bewaring van enige geskikte persoon wat die bevel aanwys; of

(c) sowel ingevolge paragraaf (a) as paragraaf (b) oor hom beskik.

9. Oral waar die woorde „veilige plek" in die Afrikaanse teks van die Hoofordonnansie voorkom word hulle vervang deur die woord „veiligheidsplek".

10. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Vroue- en Kinderbeskerming en -onderhoud 1955.

Printed in South West Africa by
Gedruk in Suidwes - Afrika deur John Meinert Ltd., Windhoek